

Maak ek TYD?

In hierdie stukkende wêreld van ons, is daar mense wat daaglik loop met pyn. Nie net fisieke pyn nie, maar ook geestelik. Ek verwys na geestelike pyn as gevolg van 'n verbrokkelende huwelik, mense wat smag na kinders, mense wat iemand aan die dood afgestaan het en die pyn nie kan verwerk nie, mense wat 'n geliefde het wat aan dwelms verslaaf is of 'n familie wat uitmekaar geskeur is deur twis.



Die vraag is hoe ondersteun ek my medemens, hoe loop ek in sy/haar/hulle skoene, hoe hanteer ek dit wat om my gebeur? Voel ek hulle pyn? Stap ek by hulle verby en vra hoe dit gaan, maar loop ek aan, sonder om te luister wat die persoon regtig sê?

Doen ons regtig moeite om te luister na die mense om ons in hierdie gejaagde wêreld? Het ons nog empatie, besorgdheid en liefde? Het ons nog tyd, of gaan alles net oor watter voertuig ek ry, waar ek bly en wat ek kry! Staan ek nog stil en wonder oor hoe Jesus dit hanteer of sou hanteer het?

Die Bybel is duidelik, jy moet jou **naaste liefhê** soos jouself, of hy nou van 'n ander geloof is, of hy nou 'n boemelaar is, of hy nou anders oor dinge dink of voel as jy. Die begrip **Jou "naaste"** is alles omvattend!

Slegs wanneer jy by jou vooropgestelde idees van 'n persoon verby kyk, kan jy die ware persoon sien en identifiseer met hom of haar.

Ons tyd op aarde is kort, so staan stil by iemand, luister wat hy/sy te sê het dit is wat Jesus van ons verwag! Deel in hulle pyn, en doen vandag iets spesiaal vir daardie persoon, gee 'n blom, 'n briefie, 'n sjokolade of oproep, om te wys jy gee om. Slegs dan gaan ons die wêreld heelmaak soos die Jesus van ons verwag!

Lees Jakobus 2:8: "As julle die wet van die Koning hou, naamlik *Jy moet jou naaste so liefhê soos jouself* tree julle op soos God dit wil hê."